



Nuwe- Lammestjie-Tyd!



Praktiese bestuursvoorstelle en wenke vir lamgeboortes

→ DEUR DAVID BOTHA

Lamtyd is 'n kritieke periode vir die kleinveeboer. Daar is die verwagting dat daar 'n goeie lammeroes sal wees, maar dit vra telkens sorgsame bestuur.

Vorbereiding vir die lamseisoen

Lamkampies vergemaklik die goeie bestuur en monitering van ooie en pasgebore lammers. Sodoende word lam-oorlewing ook verbeter.

Ooie wat in die laat dragtige periode doeltreffend ingeënt word, se lammers word beter beskerm teen klostridia en bloedvergiftiging vanaf geboorte totdat hulle gespeen word.

Dragtige ooie kan voor lamtyd geskeer word. Dit veroorsaak dat meer lammers oorleef in die kouer maande, omdat die ooie

dan saam met die lammers skuiling soek. Skeer met 'n winterkam (5 mm tot 6 mm) om drastiese energieverliese te vermy. Hierdie praktyk verseker dat die ooi se energie aan die groei van die fetus bestee word eerder as aan die regulering van liggaamstemperatuur.

Voldoende voeding is van die uiterse belang vir ooie in die laat-dragtige tydperk. Hier volg 'n voorgestelde voedingsdiagram vir die verskillende stadiums:

(BLAAI OM)

Produksie-stadium*	Droë-materiaal-inname per dag	Proteïen per dag	Energieë (TVV/dag)
Droë diere	1,0 kg	90 g	550 g
Laat dragtig (laaste 4 weke)	1,7 kg	160 g	1 000 g
Lakterende diere	2,1 kg	220 g	1 360 g
Jong groeiende diere	1,4 kg	150 g	940 g

*Aangepas volgens kudde gemiddelde liggaam massa

Lamtyd

Dit duur gemiddeld 'n uur vandat die water gebreek het vir die ooi om te lam.

Tydens 'n normale geboorte is 'n lam met sy rug na bo, met kop tussen voorbene wat na die serviks wys, in die geboortekanaal geposisioneer. Indien die lamproses langer as drie uur neem, is daar dalk komplikasies (distokia) en die ooi sal lusteloos begin opstaan en lê.

Goeie voeding vir ooië, aangepas volgens hulle liggaamsmassa en hoeveelheid lammers, dra by tot goeie melkproduksie. Ooië wat liggaamlik goed versorg is, kom ná speentyd weer vinniger op hitte.

'n Ooi wat 'n eenling dra, sal nagenoeg 2,3 tot 2,5 maal haar liggaam se energie-onderhoud nodig hê in die eerste week, en tot 2,8 maal in die derde week. Ooië met meerlinge sal tot drie maal die genoemde energie-onderhoud nodig hê.

Vereistes tydens lamtyd

- Verleen bystand aan ooië wat swaar lam.
- Behandel nagevolge van lamproses (bv. prolaps).
- Maak seker die lam se lugweë is oop.
- Wees op die uitkyk vir hans-/moederlose lammers.
- Merk die ooi indien die uier foutief is.
- Gee bies aan lammers wat in koue verswak het.
- Merk droë ooië.

Hantering van abnormale geboortes

Higiëne is belangrik wanneer hulp verleen word aan 'n ooi tydens 'n abnormale geboorte. Gebruik seep, 'n ligte ontsmettingsmiddel en handskoene, en spoel die area om die vulva skoon.

Indien die lam vassit of een been steek vas, gebruik 'n steriele koord en smeermiddel, en bind die koord om die voorpote. Trek dan ligweg die koord saam met die ooi se kontraksies. Onthou dat die ooi ook van die nageboorte ontslae moet raak. Spuit die ooi daarna met antibiotika vir infeksies.

Lam is gebore

Met 'n normale geboorte sal 'n ooi die lam binne oomblikke begin skoonmaak. Dis belangrik om seker te maak dat die lam se lugweë oop en skoon is.

Studies het getoon dat lammers tot so gou as 10 minute ná geboorte begin drink. Dis belangrik dat die lam die kolostrum inkry om passiewe immuniteit te verkry. Die skoonmaak en eerste drink van die lam is van kardinale belang vir die hegtingsproses tussen die ooi en lam. Data toon dat indien dit nie binne die eerste vier uur ná geboorte plaasvind nie, die lam verwerp kan word.

Vir lammers om te oorleef is die optimale geboortegewig tussen 3,9 en 5.0 kg vir eenlinge en 3,2 tot 4,5 kg vir tweeling.

(BLAAI OM)

Die meeste ooie sal so gou as 24 uur ná geboorte weer begin wei. Soms kan dit so lank as 72 uur wees, wat beklemtoon hoe belangrik dit is dat die ooi goed gevoed word voor sy lam. Indien 'n ooi lam in 'n kamp met swak weiding en sy ver moet stap om voeding te kry, kan sy haar lam(mers) agterlaat. In hierdie stadium is die ooi honger weens energieverlies en meer plek in haar maag ná die lammery. Kontak die NWKV vir 'n gepaste resep vir bies.



Voer van bies deur maagbuis

- 'n Rubber-maagbuis gemaak vir hierdie doel kan verkry word. Maak seker dit is klein genoeg om nie skade aan te rig nie.
- Trek die lam se kop reguit met keel en slukpyp.
- Stoot die buis baie versigtig in die keel af, maak seker dat die buis nie in die lugweë gedruk word nie.
- As buis korrek gevoer is, sal die slukderm gebult staan.
- Maak seker die kolostrum is liggaamstemperatuur (50 ml kolostrum/kg van liggaamsgewig vir drie dae).
- Moet nooit kolostrum in die mikrogolf ontdooi nie (die teenliggaampies gaan dood).
- Indien geen kolostrum beskikbaar is met geboorte nie, gee 'n hoë konsentraat elektroliete met geen proteïen in nie.

Vereistes vir lamoorewing:

1. Geboortegewig optimaal vir ras.
2. Maklike geboorteproses.
3. Beskerming teen koue.
4. Maksimale kontak tussen lam en ooi, veral tydens eerste 24 uur ná geboorte.
5. Genoeg kolostrum/bies.

Ooie wat lammers steel

Tussen 10% en 20% van ooie begin om 'n ander ooi se lam skoon te maak of steel die lam. Dis 'n aanduiding dat hulle self naby hulle lamtyd is. In 'n intensiewe stelsel kan die pasgebore lam ook 'n ander ooi volg terwyl sy eie ma besig is om aan meerlinge geboorte te gee.

Evaluering en selektering van moederseienskappe by ooie (swak na sterk):

1. Ooi vlug as persoon nader kom, en ooi kom nie terug nie.
2. Ooi vlug, maar nie verder as 10 m van lam nie, en kom weer terug as persoon weg is.
3. Ooi vlug nie verder as 5 m tot 10 m nie.
4. Ooi vlug, maar bly in 'n omtrek van 5 m vanaf lam.
5. Ooi bly by lam terwyl die persoon die lam hanteer.

Lamvrektes

Voor of tydens geboorte vind meeste lamvrektes plaas weens distokia of 'n suurstoftekort. In die eerste drie dae ná geboorte kom vrektes voor weens verhogering of infeksie. Lammers sukkel met die regulering van hulle liggaamstemperatuur in die eerste fase van hulle lewe, daarom is dit belangrik dat lammers so vinnig en soveel as moontlik kolostrum inkry. Hier speel die effek van die ooi se voeding in die laat dragtige stadium 'n belangrike rol. Dit het 'n invloed op die kwaliteit en kwantiteit van die melk, asook die vertraging in melkvloei. Indien 'n lam swak is weens verhogering of koue, kan 'n glukosemengsel vir die lam ingespuut word (vra 'n veearts). 